
GELOOF FAITH

In Die Woord In The Word



Geloof is uit die gehoor en die gehoor is deur die Woord van God Rom. 10:17

Faith cometh by hearing and hearing by the Word of God. Rom. 10:17

POSBUS 232, BALLITO, 4420 · TEL: (032) 551 1836 / 551 2419 · FAKS: (032) 552 5411

WEBSITE: www.stangerchristiancentre.co.za E-MAIL:stangerchristiancentre@gmail.com

Sodat hulle nie meer twee is nie, maar een vlees (Matt. 19:6)

Die Woord van God, die Bybel, gee baie definitiewe riglyne vir die huwelik en die opvoeding van die gesin. Enige huwelik en gesin, kan slegs SUKSESVOL wees as die standaarde van die Bybel volgehou word. Hierdie standaarde is definitief nie die riglyne, wat op televisie, in tydskrifte, films of deur die gemeenskap in die algemeen uitgebeeld word nie. Dit is omdat mense geneig is om hul lewens en huwelike volgens die wêreld se waardes en beginsels in te rig, dat so baie egskeidings elke jaar plaasvind, en baie huise vernietig en harte gebreek word. Die OORSPRONG van alle verval en vernietiging is Satan, want hy is daarop uit om dit wat God goed gemaak het, dit sluit die huwelik in, te vernietig en te verwoes (Joh.10:10).

In 'n Christen huwelik sluit die man en vrou 'n Verbond met mekaar, wat 'n baie ernstige transaksie is. 'n Verbond is eintlik baie meer as net 'n transaksie, omdat 'n verbintenis en bepaalde vereistes van albei partye verwag word, dit geld ook vir die *huweliks*verbond.

Dit is interessant om daarop te let dat in Bybelse dae, veral gedurende die Ou Testamentiese tyd, verbonde 'n algemene gebruik was en die drie elemente wat daarby betrokke was, was bloed, beloftes en 'n seël.

1. Bloed. Die twee partye het hulle polse gesny en dit teen mekaar gedruk, of hul bloed in 'n beker laat meng, en dan het al twee daarvan gedrink.

2. Beloftes. Albei partye het plegtige beloftes teenoor mekaar gemaak.

3. Seëls of tekens is tussen die twee partye uitgeruil.

Bekende verbondsvoorbeelde in die Ou Testament was die tussen God en Noag (Gen.7:1, en Gen.9:11-16), God en Abraham (Gen.17) en God en die kinders van Israel (Ex.13:11-16).

Die belangrikste verbond wat elke mens kan kies om aan te gaan, is die Nuwe Verbond. Dit is moontlik gemaak toe Jesus, Seun van God, Sy Heilige Bloed gestort het en ewige lewe belowe het, deur die Nuwe Geboorte, aan elkeen wat Hom as persoonlike Verlosser en Here ontvang. 'n Nuwe, beter Verbond, gegrond op beter beloftes (Heb.7:22, Heb8:6 en

Gal.4:4-7), is ingestel met die eerste Heilige Nagmaal volgens 1Kor.11. Ons boekie DIE NAGMAAL EN GENESING deel ten volle met hierdie onderwerp, asook die voordele daarvan.

In hierdie Verbond wat God met die mens gesluit het, sodat ons met Hom versoen kon raak as ons Hemelse Vader, vind ons die drie vereistes vir 'n verbond.

1. Die Bloed van Jesus Christus.

2. God se wonderlike beloftes in Sy Woord (God het reeds Sy deel van die verbond nagekom en nou, in Sy oneindige groot genade, help Hy ons om ons deel na te kom).

(Vervolg op Bl. 2)

(Vervolg vanaf Bl. 1 - Sodat hulle nie meer twee is nie ...)

3. Die seël of teken is die Nagmaalsbeker. 'Net so ook die beker ná die ete, met die woorde: Hierdie beker is die nuwe Testament in my Bloed; doen dit, so dikwels as julle daaruit drink, tot my gedagtenis.'(1Kor.11:25).

Die God wat ons dien, is die God wat 'n verbond aangaan. Dit was altyd Sy doel om Sy mense nader aan Homself te trek en Hy poog om dit te doen deur verbonde met hulle te sluit. Ons sien dit veral in die gevalle van Abraham en Moses. Verbond sluiting is vir God 'n ernstige saak en Hy kom Sy beloftes, aangaande die verbond na. God kan nie Sy Woord breek nie en Hy is altyd getrou. Wanneer dit by die Nuwe Verbond kom, waarin Hy belowe om Sy Wette in die harte van mans en vrouens te skryf wat die volkome offer van Jesus, Sy enigste Seun, aan die kruis aangeneem het, is Hy getrou om ons van al die voordele, wat saam met die Verbond gaan, te voorsien. *Hy* is *getrou*, maar ongelukkig kan dit nie altyd van die mens gesê word nie! Hy het aan ons hierdie illustrasie gegee, sodat ons die belangrikheid van *getrouheid* kan verstaan deur die verbond sluiting – en die huwelik is 'n verbond!

In die huwelik word daar beloftes voor God en teenoor mekaar gemaak. Dit is 'n ernstige saak en mag nie *ligtelik* opgeneem word nie. In die huwelik sluit die man en vrou 'n verbond met mekaar. Die huweliksverbond sluit ook bloed, beloftes en 'n seël in:

1. Bloed in die volvoering van die huwelik deur omgang.
2. Beloftes. Beide partye maak plegtige beloftes.
3. Seëls word verwissel, gewoonlik in die vorm van trouringe.

Volgens Efs.5:25,26 en 30, is Christus en die Kerk een(wat bestaan uit alle toegewyde, wedergebore Christene) en so is 'n man en vrou ook op dieselfde manier een. Die Kerk is van Christus se vlees en van Sy been. Eva is van Adam se vlees, en van sy been.

Aan die begin het God gesê: "Ek sal Adam en Eva een vlees maak" Hy het selfs van Adam se ribbebeen geneem en Eva daaruit gemaak. Daarom sal die man sy vader en moeder verlaat en sy vrou aankleef. En hulle sal een vlees wees (Gen.2:24). Juis hierom het Jesus gesê: "sodat hulle nie meer twee is nie, maar een vlees. Wat God dan saamgevoeg het, mag geen mens skei nie (Matt.19:6).

"Die huwelik van een man en een vrou verenig hulle, sodat hulle twee een vlees word."

Jesus het twee keer hierdie uitdrukking gebruik: 'hulle twee sal een vlees wees' (Matt.19:5-6). Een vlees.

Die uitdrukking aankleef wat Hy gebruik, dui die intiemste en sterkste verbintenis aan. Die oorspronklike woord kom van die woord gom en beteken om vas te kleef/klou, sodat niks hulle kan skei nie. Man en vrou was twee, maar is deur die Heilige Gees verenig, sodat hulle een vlees geword het.

Jesus se antwoord op die Fariseërs se slinkse vraag in verband met die huwelik en egskeiding, was dat aangesien twee so intiem verbind is asof hulle een is, en aangesien God in die begin net een vrou vir een man gemaak het, dit dus beteken dat hulle nie kan skei, sonder die vergunning van God nie. 'n Man kan nie sy vrou vir net enige rede skei nie. Om een vlees te verdeel, of om twee wat verenig was te skei, is om 'n lewende organisme te vernietig. Die woord wat Jesus in die Engelse vertaling gebruik het nl. 'asunder' (in stukke) is uiters veelseggend. Ons lees in Heb.11:37 dat van die vroeë Christene in stukke gesaag is (sawn asunder), en dit is die soort moord wat vandag so algemeen is. Die howe saag, baie maklik en vinnig, hulle wat in God se oë een is, in stukke, en vermoor so die gesinslewe van ons land. 'Dat alles wat God doen, vir ewig sal bestaan' (Pred.3:14).

Verder is die nietigverklaring van die huweliksverbond vreemd aan die lering van Jesus, waar Hy sê dat die huwelik een man en een vrou nouer aanmekaar verbind in 'n verhouding, as dié tussen 'n ouer en kind. 'Om hierdie rede sal die man sy vader en sy moeder verlaat en sy vrou aankleef, en hulle twee sal een vlees wees' (Matt.19:5). Hierdie aanhaling van Jesus uit Gen.2:24 beteken slegs een ding, naamlik, dat wanneer 'n man 'n vrou vat, hy vaster aan haar verbind is, as aan sy vader of moeder. Volgens Jesus is die huweliksverbond die teerste en beminlikste van alle menslike verhoudings, selfs teerder as die band wat ons aan 'n ouer bind.

Paulus illustreer hierdie verbondsverhouding aan die Efesiërs:

Manne, julle moet jul eie vroue liefhê, soos Christus ook die gemeente liefgehad en Homself daarvoor oorgegee het (Ef.5:25).

Hier kry ons dus, vanuit God se hart, opdrag aan die man! Ef.5:29 voeg by dat die man sy vrou

(Vervolg op Bl. 3)

(Vervolg vanaf Bl. 2 - Sodat hulle nie meer twee is nie ...)

moet liefhê soos hy homself lief het en hy moet haar VOED en KOESTER. Die Afr. verklarende woordeboek gee die volgende verduideliking van *koester:* verwarm, troetel, liefderyk verpleeg, lewendig hou. Mag ek byvoeg dat hierdie *lewendig hou* is beslis ook van toepassing op sy vrou se geestelike lewe: die eggenoot is verantwoordelik dat sy vrou *geestelik lewendig bly.* Hy is die *geestelike* hoof van die huis. Let daarop dat die Here nie beveel, dat die man sy vrou moet liefhê net wanneer hy dink sy dit waardig is nie! Die man moet sy vrou te alle tye liefhê, voed en koester, omdat hy in 'n verbondsverhouding met haar staan. Ons lees in Ef.5 dat die vrou egter ook 'n plig teenoor die man het. Wanneer 'n Christen egpaar hulle verbond met God en met mekaar gestand doen, kan hulle verwag dat God hulle kinders ook sal seën, want deur hulle toewyding aan God en aan mekaar KIES HULLE LEWE VIR HULLE KINDERS.

vir God (1Kor.7:10,11).

Om 'Lewe' te kies, is eenvoudig om te alle tye gehoorsaam te wees aan God se Woord en daardeur word nie net ons huwelik geseën nie, maar ook die lewens van ons kinders.

Kom ons kyk net na twee of drie van die wonderlike beloftes wat die Here vir die kinders gee van diegene wat Hom van harte dien. En al jou kinders sal deur die Here geleer wees, en die vrede van jou kinders sal groot wees (Jes.54:13).

Wat My aangaan, dit is my verbond met hulle, sê die Here: My Gees wat op jou is, en my woorde wat Ek in jou mond gelê het, sal uit jou mond nie wyk nie, en ook nie uit die mond van jou kroos en uit die mond van die kroos van jou kroos, sê die Here, van nou af tot en ewigheid nie (Jes.59:21).

Die geslag van die opregtes sal geseën word (Ps.112:2). Nog 'n interessante uitvloeisel van die huweliksverbond word in 1Kor.7 oor gepraat en Paulus is die een wat die vrae van die Korinthiërs oor die huwelik beantwoord. Let op vers 14: Want

"...Wanneer 'n Christen egpaar hulle verbond met God en met mekaar gestand doen, kan hulle verwag dat God hulle kinders ook sal seën, want deur hulle toewyding aan God en aan mekaar KIES HULLE LEWE VIR HULLE KINDERS...."

Deut.30:19: Ek neem vandag die hemel en die aarde as getuies teen julle; die lewe en die dood, die seën en die vloek het ek jou voorgehou. KIES dan die lewe, dat jy kan LEWE, jy en JOU NAGESLAG.

Deur nie altyd die 'Lewe' te kies nie, en daardeur ongehoorsaam te wees aan God se Woord, sal 'n verbreking in dié verbondsverhouding (huwelik) plaasvind, en dikwels sal die "dood" van egskeiding opdoem. Daar staan in die Bybel dat God egskeiding haat, onthou, wat God saamgevoeg het, mag niemand skei nie. Jesus Christus Self erken dat Moses egskeidings briewe gegee het, maar het bygevoeg dat Moses egskeiding slegs toegelaat het WEENS DIE HARDHEID VAN DIE MENSE SE HARTE (Matt.19:7,8). Egskeiding was nooit deel van God se oorspronklike plan vir 'n man en vrou nie, dit is teen Sy wil, en daarom HAAT Hy egskeiding (Matt. 19:6, 9). Die huwelik tussen 'n man en 'n vrou word in die Bybel vergelyk met die verhouding tussen die Here Jesus Christus en Sy Kerk, en daarom is 'n skeiding in beide gevalle uiters pynlik die ongelowige man is geheilig deur die vrou, en die ongelowige vrou is geheilig deur die man; want anders sou julle kinders onrein wees, maar nou is hulle heilig.

Met ander woorde as die een huweliksmaat 'n gelowige is, is die hele huisgesin onder die beskerming van die Here (die geredde huweliksmaat is die helfte van EEN VLEES). Alhoewel die een huweliksmaat nog ongered mag wees, kan hy die seën van die verbondsverhouding geniet wat die geredde een met God het, hy is egter nie *verlos* nie. Die Bybel sê uitdruklik, dat geen mens die Koninkryk van God gaan sien indien hy nie wedergebore is nie! (Joh.3) Niemand kan op sterkte van 'n ander persoon se geloof of regverdigheid die Ewige Lewe beërwe nie. Jy moet SELF glo met JOU HART en bely met JOU MOND dat Jesus Christus Here is, en dat God Hom uit die dode opgewek het (Rom.10: 9 en 10).

Jou ongeredde huweliksmaat kan dus die seën geniet wat die Here op julle huwelik en gesin

(Vervolg op Bl. 4)

(Vervolg vanaf Bl. 3 - Sodat hulle nie meer twee is nie)

uitstort ter wille van jou geloof, maar hy sal beslis nie die Ewige Lewe beërwe nie, tensy hyself tot bekering kom nie. Selfs jou kinders sal ook by 'n punt moet kom waar hulle gered sal kan word. Daar bestaan geen Skrif om die mensgemaakte lering te ondersteun, dat kinders van gelowige ouers outomaties opgeneem is in 'n verbond met God en dat hulle saligheid gewaarborg is nie. Deel van hierdie leuen is die "besprinkeling van babas" (hulle noem dit " doop "- wat dit beslis nie is nie) wat die seël of teken van hierdie verbond is. Dit is heeltemal onbybels.

Dit is moeilik om die presiese ouderdom te bepaal, wanneer 'n kind verantwoordelik is vir sy besluite aangaande die Here. Ons weet dat kinders, op 'n baie vroeë ouderdom, kan kies om aan hul ouers gehoorsaam of ongehoorsaam te wees. Wanneer 'n kind 'n besluit moet neem oor enige belangrike saak, sal dit afhang van sy BEGRIP van dit wat van hom gevra word. Ons weet van kinders wat op vyfjarige ouderdom 'n keuse gemaak het om Jesus in hul harte te nooi, dit bly egter die ouers se plig om die geestelike groei in dié kind te koester en aan te moedig, net soos julle na sy fisiese ontwikkeling sal omsien. Daar is beweer dat die mees geskikte ouderdom sewe jaar is. Alle kinders word egter deur hul geredde ouers geestelik beskerm totdat hulle die Here persoonlik as Verlosser aanneem, of totdat hulle trou of volwassenheid bereik.

Die Here belowe egter vir die gelowige ouer dat sy huisgesin gered sal word, as hy net onwrikbaar glo.

Glo in die Here Jesus Christus en jy sal gered word, jy en jou huisgesin (Hand.16:31).

Die Bruid van Christus maak haarself, in hierdie laaste dae, reg vir die spoedig verwagte koms van Haar Bruidegom, Jesus, om Haar te kom haal. Om hierdie rede en die dringendheid van die tye waarin ons lewe, weet Satan dat sy tyd kort is en sy versterkte aanvalle is op die gesin, veral die hoof van die huis, die man.

Hy behaal 'n groot oorwinning indien hy kan veroorsaak dat 'n gesin verbrokkel, want baie lewens word nadelig beïnvloed en dit veroorsaak skade aan die naam van die Here en God, ons Hemelse Vader. Ons kan egter juig in die wete, dat God aan ons die kennis gegee het, om die liste en aanvalle van die bose een te weerstaan. Hy het aan ons Sy Woord en Heilige Gees gegee, asook die kennis van die oorwinning van Jesus Christus ons Verlosser en Here, deur Sy dood aan die kruis op Golgota, oor Satan. Kol.2:15 verklaar: "Nadat Hy die owerhede en magte uitgeklee en hulle in die openbaar tentoongestel en daardeur oor hulle getriomfeer het" (Die Kruis).

Julle is uit God, my kinders, en het hulle oorwin, omdat Hy wat in julle is, groter is as hy wat in die wêreld is (1Joh.4:4). □

GOD ORDAINED THE FAMILY

How is a family established?

Just as a physical house is not put together per chance, but according to a plan, the same is true of a family. A house must have a proper, strong foundation. A family must have a God-appointed government. This order is God's structure for the family.

(Ps. 127:1, Prov. 14:1, Matt. 7:24-27, Eph. 6:1-4, 1 Pet. 2:9-10, Ps. 68:6)

What is God's order for the family?

Christ is the Head of the husband and the husband is the head of the wife.

(1Cor. 11:3, Col. 1:18, Eph. 5:23-25)

What is meant by order of authority?

God is the Head of everything. Under God's Headship there are three sections: Christ is Head of the Church under whom the elders (church leaders) fall. The husband is the head of the wife and of the family. Rulers are heads of tribes and nations.

(Heb. 13:17, Eph. 6;1-2, Eph. 5:23, Rom. 13:1-4)

Does this authority or headship mean superiority?

Definitely not. Here is a list of things which authority IS NOT:

It is not Dictatorship. **It is not** Inequality of husbands, wives and children. **It is not** Inferiority of the wife.

It is not Superiority of the husband. God's order of authority is designed to produce Divine Order.

(Continued on page 5)

(Continued from page 4 - God Ordained the Family)

What is the responsibility of the husband as head of the family?

He must recognise and confess that Jesus Christ is LORD of every area of his life. He must accept the fact that God has entrusted this authority to him and that he in turn is subject to authority. A husband can only successfully practise his headship in the family as he submits to God's Authority and Headship. This is the Biblical foundation. Eve, the first wife ever, was made to be Adam's companion and helper and God created her from his rib. It is interesting to note that she was not made from his foot to be stepped upon; nor was she taken from his head, so that he could dominate her; but that she was taken from his rib, his side, close to his heart, so that he could love her and they could walk side by side in fellowship with their Creator. A husband must acknowledge that he and his wife have become "one flesh" and that he is required to leave his father and his mother and cleave to his wife. Many marriages become unstuck at this point, because of the strong bond that can exist between a mother and son. He must be on guard against this. He must acknowledge that he and his wife are ONE, just as Christ and His Church, the Body of Christ, are ONE. He must LOVE his wife, just as Christ loves His Church, His Bride. He must know the character and nature of this love, which is a choice and is Agapé love. He must love his wife as he loves himself. He must in a sense lay down his life for his wife as Christ lay down His Life for the Church. He must NOURISH his wife, which means that he must care for her physical and spiritual wellbeing. He must CHERISH his wife, which means that he should treasure her as God's good gift to him. She needs to be fostered emotionally, as well as spiritually and physically.

(1 Cor. 11:3, Gen 2:18, Gen 2:22 -25, Matt 19:4 -6, Eph 5:2, 1 Cor. 13, Eph 5:25-31)

What is the responsibility of the wife?

The husband and wife are equal as persons, but not in responsibility. She must accept her responsibility with the right attitude. The wife is not inferior to the husband and need not compete with him. Husband and wife are of equal importance, but not of equal position. She must have a submissive spirit. It is interesting to note that the meaning of the Hebrew word for "submissive" is "to be under the protection of someone". She must respect her husband and his decisions. Her submission to him must be as unto the Lord in faith and obedience, with joy in the knowledge that God is in control. She must honour her husband as her head and protection. She must aspire to have a quiet and gentle spirit. She must acknowledge that husband and wife together are heirs of the grace of God. She must be trustworthy and loyal. The wife completes her husband. She is his helper, a source of encouragement, a comfort and a friend. She must be hospitable. She must be a home-maker, which includes orderliness, tidiness and warmth. She is the "heart" of the family whilst allowing her husband to be the "head".

Eph. 5:25, 1 Pet. 3:1-7, 1 Tim. 3:11, Gen. 2:18, Heb. 13:1, Prov. 31:10-31

What is the Bible's view on children?

Children are a HERITAGE and a gift from God. Children are like arrows in the hand of a mighty man, sharp, purposeful, a driving force. Children are a blessing, a gift, and a prize from the Lord. Children are a crown and glory of their forefathers. One of the great privileges that God has given man is the ability to procreate children after his own kind and image. Children are created in a most wonderful way.

(Psl. 127:3-5, Ps. 128:3-4, Prov. 17:6)

What are the parents' responsibilities towards the children?

The best gift a father can give to his children is to love their mother.

Babies are to be dedicated to our Heavenly Father in the Name of Jesus in thanksgiving for their birth. Hebrew children were dedicated to the Lord in the Temple when they were small babies and again at the age of twelve, when they were able to take responsibility for making decisions concerning their ongoing walk with God. Children must be taught the Word of God from an early age as this is the parents responsibility, remembering that tuition by Sunday school teachers is an extra. Children must be reprimanded when it is necessary. Foolishness, stupidity and disobedience occur in the young, but if rebellion is left unchecked in a

(Continued on page 6)

(Continued from page 5 - God Ordained the Family)
child it will eventually destroy not only him but bring strife, humiliation and disgrace to the family. Children must be trained and taught in the ways of the Lord according to His Word. Definition of TRAINED: to form character through exercising discipline and preparation through tuition by repetition, and if necessary not to spare the rod. (Prov. 23:13)

Andrew Murray wrote the following:

Training is more than tuition. By teaching a child, he will know what to do, but by training a child, you influence him and you make sure that he does it. Teaching pertains to the MIND. Training pertains to the WILL. Prevention is better than cure. True training is not to supervise and correct mistakes, but to supervise so as to **prevent** mistakes. The highest goal with true discipline must be to LEAD a child so that he realises he can be obedient and act correctly and find happiness in doing so. Habits must precede principals. A child's body develops during his first years at a greater rate than does his mind. Habits, more than instructions, prepare the way for obedience. Emotions play an important role. The early years of a child are characterised by buoyant emotions and great susceptibility to impressions. The parent must use this time to cultivate the child's emotions to assist his inclination towards wholesome and Godly things. EXAMPLE IS ALWAYS BETTER THAN INSTRUCTION. THE POWER OF EFFECTIVE EDUCATION LIES NOT IN WHAT THE PARENT SAYS OR TEACHES, BUT LIES IN WHAT HE IS AND DOES. **We cannot implant ideas into our children if we do not strive towards them ourselves, or set standards for them which we as parents do not keep!! Only when we practise what we preach are we in the position to teach others how to live. Love which attracts is more powerful than the law which demands**. **Love never seeks it's own benefit, and this is how the love of parents should be.** This love, inspired by Divine Love, exerts a tremendous influence on the family and is the secret ingredient of successful discipline. Children must obey their parents in the Lord and in all things. They must honour their parents. Remember, however, parents, that children must not be provoked nor teased, but must be trained up in the fear of the Lord.

No matter how bad a situation looks, no matter how broken a marriage seems or how wayward a child has become or how lonely or trapped you may feel, always remember that God is able to change hearts and circumstances.

Make a quality decision right now to believe that your Heavenly Father will bring order out of chaos and resurrection out of death. He is not only supremely able, but is also willing. Reach out in prayer, supplication and fasting, making your needs known to Him! Fasting together with prayer is without doubt the most effective spiritual stand you can take. Ask the Lord for a strategy when you feel that you need to fast for a situation. By strategy I mean God's plan for the spiritual attack that you are about to launch on the enemy camp. And please remember Paul says in Ephesians 6, that our fight is not against flesh and blood, but against principalities and powers of darkness. The devil and his demons are your enemy, not your marriage partner, the "other" woman, man, children or relatives. So as you are about to go into spiritual battle ask the Lord to lead you, by giving you a fasting plan. (ie. number of days, scripture on which to stand, type of fast etc. - Read our book "Prayer & Fasting")

When God calls you to a fast you can be sure that He plans to do battle on your behalf and that the victory is already won, even before you begin! Just listen for His instructions, then obey and trust Him for the results. His battle plans never fail. Just as they never failed with the Israelite army, when they were obedient. You will be amazed how He will show you what to do and when to do it. Be sensitive to His voice. We have so many testimonies of husbands, wives and children who were won to the Lord or back to the Lord and back to their marriage partners and parents through doing battle in prayer and fasting. If God be for you, who can be against you? In Ephesians 6:13 & 14 we are told: **Therefore take up the whole armour of God, that you may be able to WITHSTAND in the evil day, and having done all to STAND. STAND therefore …** It is important that having done all that God requires of you, you STAND! Do not sit down, lie down or give up, but STAND. In this position of standing, fear not, be still and allow God to fight the battle on your behalf. **You and God are a majority - remember that!** ¨ □



uit **Dr James se kantoor**

Geliefdes in die Here Jesus,

Hierdie maand, met die einde van die jaar se gejaag, die vakansies en feestelikhede in aantog, voel ek ‘n diepe behoefte om oor die belangrikheid van die huwelik en die familie te skryf. God het die familie ingestel en verwys na Homself as ons Hemelse Vader. Wanneer ons Jesus as ons Verlosser en Here ontvang, word ons deel van die Familie van God en as Sy kinders is ons baie kosbaar vir Hom. Hy het ook die huwelik tussen man en vrou vergelyk met Jesus en Sy Bruid, die Liggaam van Christus, die Kerk, daarom is ‘n huwelik heilig in Sy oë.

Satan weet dit en sal alles in sy vermoë doen om ‘n huwelik en ‘n familie op te breek, veral een wat die liefde van Jesus reflekteer en dus moet ons op ons hoede wees teen sy streke, en selfs meer nog hierdie tyd van die jaar. Daar is waarheid in die gesegde dat ‘n familie wat saam bid – saam bly.

Ek en Meg bid vir huwelike, ons bid dat die Here pare vaster aan mekaar sal bind soos hulle in Sy Weë en in Sy Waarheid wandel. Ons bid ook vir familie eenheid, dat al die lede van ons kosbare families tot die kennis van Sy reddende genade sal kom en geseën word deur Sy beskerming en voorsiening in elke area van hul lewens. As jy ‘n Verlore seun of dogter het, bid ons en glo ons saam met jou dat God hom/haar sal terugbring om Hom met hulle hele hart en siel te dien. Onthou God is ‘n God van wonderwerke en niks is vir Hom onmoontlik nie! (Luk.:1:37) Jesus het belowe dat enigiets wat ons in Sy naam vra, Hy dit vir ons sal doen! Halleluja! (Joh. 14:13-14)

Ons het gebid vir almal wat hul jaareinde eksamens skryf. Ons weet dat die Here hul ywer en harde werk sal eer. Die eienskappe van volharding en lydsaamheid word regdeur die Bybel gevind en bring altyd sukses. Ons bid ook vir al die voorbereidings wat vir die Desember vakansie, soos dit nader kom, getref word. Vir beskerming op die paaie en vir stabiele en liefdevolle verhoudings, veral waar huwelike betrokke is gedurende hierdie tyd van baie aktiwiteite en die gevaar van wellus met al die einde van die jaar funksies. Die Here moedig Sy mense aan om hul “af te sonder” en ons lees in 2 Kor.6:17: **Daarom, gaan onder hulle uit en sonder julle af, spreek die Here; en raak nie aan wat onrein is nie, en Ek sal julle aanneem.** Laat ons daarna strewe om lewens te leef wat vir Jesus verheerlik wat so 'n duur prys vir ons Verlossing betaal het, wat ons in staat gestel het om met ons Hemelse Vader versoen te raak. En onthou **…. doen alles tot verheerliking van God. 1 Kor. 10:31.**

Weereens wil ek elkeen van julle persoonlik bedank vir julle, gebede, liefde, aanmoediging en ondersteuning in elke opsig. Ons kan julle nooit vergoed nie, maar ons vra ons Hemelse Vader om dit vir julle te doen!! Hy is die Gewer van alle goeie gawes en ons vra Hom om julle in oorvloed te seën met alle geestelike en fisiese seëninge. Baie dankie vir julle deelname om die Evangelie van ons Here Jesus Christus in ons land, asook Namibië en oor die grense vanaf die Stanger Christelike Sentrum te versprei.

Ons bid vir julle
Baie liefdegroete

Dr James

BOEKE NOU BESKIKBAAR

LEWE IN DIE MAG VAN JOU TONG
(Boek 76)

WAAROM DIE BYBEL DIE ENIGSTE WOORD VAN GOD IS
(Boek 47)

LIFE IN THE POWER OF YOUR TONGUE
(Book 75)

WHY THE BIBLE IS THE ONLY TRUE WORD OF GOD
(Book 74)

Ons God van wonderwerke……..Briewe wat getuig van die Here se goedheid en getrouheid

Ek het ongeveer 9 maande gelede u kantoor geskakel om te vra of julle span asseblief vir my seun Sarel kan bid wat aan pornografie verslaaf was. Wil net sê dat hy as jong seun alreeds in die verslawing gekom het. Pornografie was besig om al jare lank sy lewe te verwoes. Sy eerste huwelik het grotendeels ook daaroor misluk. Sy tweede huwelik was vinnig besig om onherstelbaar te wankel. Hy het ontelbare kere probeer om uit die verslawing te kom sonder enige sukses. Sy hart was ontsettend seer en hy het geworstel met 'n lae selfbeeld en homself verag en gehaat. Hy het begin dink aan selfmoord en het gedink dat dit die enigste manier gaan wees hoe hy uit die verslawing gaan kom. Ek het hom gebel en gesê dat die hele land en u span vir hom gaan bid. Hy was so dankbaar en het saam gebid en elke dag die Here gesmeek om hom vas te hou en vry te maak van die verslawing. Twee dae gelede het hy my geskakel en gehuil soos 'n baba van geluk, blydskap, dankbaarheid en vreugde. Hy het gesê mamsie baie, baie dankie vir julle almal wat my liefhet se gebede. Ek is vandag presies 7maande vry gemaak van pornografie. Ek weet ek sal nooit weer terugval nie. God het my gered want dis nie deur my eie krag nie, maar deur God se krag en genade wat in swakheid volbring word. En dit is wonderlik. Ek het so lankal van die Here gesmag om my net die regte pad te wys sodat ek 'n beter mens kan word en 'n man kan word na Sy hart. Ons twee het saam gehuil en die Here geloof en prys. Die Here doen so baie wonderlike dinge, my kind het in 7 maande so verander. Hy het 'n ander mens geword. Hy ken God in elke besluit wat hy neem. Sy huwelik verbeter by die dag en ek sien in hom die mens wat hy so graag in God se oë wou wees. Vir so baie mense wat aan pornografie verslaaf is wil ek net sê daar is beslis hoop en God alleen kan julle vrymaak daarvan. Baie dankie vir al julle gebede en ek loof en prys God met my hele hart.

Moeder – Sarel

Ses en twintigjaar gelede het ek bloeiende aambeie gehad. Vir 'n hospitaal en operasies het ek nie kans gesien nie. My gesin en ek was met vakansie en ek het net by die woonwa gesit met erge pyn terwyl my vrou en twee kinders die strand geniet het. Op 'n dag het ek na die kafee gestap om iets te kry om te lees. Op baie deurmekaar tydskrifte het ek 'n rooihoekie van 'n boek onder die tydskrifte sien uitsteek. Ek het dit uitgetrek en die naam van die boekie was Bybelse antwoorde oor genesing. Die prys was R2.50 en ek het dit gekoop en dit begin lees, so omtrent in die helfte van die boek het u geskrywe oor onvergewensgesindheid. Die kerk waar ek op daardie stadium aanbid het se ouderlinge, het ek geweet, sal nie saam met my bid vir genesing nie. Daar en dan het ek, volgens u boekie, Jesus aangeneem as my Verlosser en Saligmaker en vir die Here gevra om my te genees. Ek het ook 'n brief geskrywe aan die persoon teenoor wie ek onvergewingsgesindheid gehad het. Die brief het ek gaan pos en die volgende oggend het ek wakker geword sonder pyn, volmaak genees. Die brief, glo ek was nog daar in die posbus maar die Here ken my hart. Sedert daardie dag het ek begin om boekies te bestel en te lees, ek het al u boekies gelees en het ook begin om dit uit te deel aan persone wat ek glo dit nodig het. Al die lof en eer aan ons Vader vir Sy liefde en genesende krag.

Groete in Jesus se Naam

Mnr B Froneman, Petrusburg

Liewe Dr James, Meg en Gebed span,

Baie dankie dat u op Donderdag 28/6/2013 so dadelik vir ons gebid het. Ek kan vandag vir u vertel dat Theunis se hartprobleem verbeter het en swelsel van sy bene en voete ook. Sy bloeddruk is nou normaal en hy voel goed. My dikderm is gesond en 'n blaasprobleem is ook opgelos. Ek gee al die dank en lof aan ons Hemelse Vader vir ons genesing en sal altyd bid vir julle by die Christelike Sentrum .

Liefdegroete.

Yvonne Liversage

Liewe Dokter James,

Per geleentheid het ons vir julle gevra om vir Andre Jacobs te bid wat kanker in 'n rugwerwel ontwikkel het. Ons is opreg dankbaar vir jul gebede en wil graag rapporteer dat Andre genees is!! Hy het pas sy 66 ste verjaardag herdenk ; was weer by die Onkoloog wat niks negatief kan opspoor nie en is aangesê om weer oor 'n jaar te rapporteer. Ons Eer Vader God vir verhoring van gebede en bid dat elkeen wat daar toe gedring word om jul te vra vir voorbidding vir watter kwaal ook al, sal glo dat die dinge wat Jesus gedoen het, nog steeds vandag geldig is.

Baie baie dankie.

Cas en Dot